



Leef **NOU LEEFGROEPE**
waar jy ook al is wanneer jy daar is

Spieëltjie, spieëltjie in my hand

SIKLUS 1

Week 5



God se asem tussen bladsye

- Week 1: Wanneer God fluister
- Week 2: Om God te **Google**
- Week 3: Asem in. Asem uit
- Week 4: Hoe om te boer in die Bybel
- **Week 5: Spieëltjie, spieëltjie in my hand**
- Week 6: Kweek die regte aptyt

WEEK 5

-Spieëltjie, spieëltjie in my hand -

28 Februarie 2021 - 6 Maart 2021

MENS TOT MENS

- Beantwoord die volgende vrae:
 - Deel met mekaar iets uit jou kinderdae – toe jy katterkwaad aangevang het of iets gedoen het wat jou baie diep in die moeilikheid laat beland het.
 - Ons sien onself dikwels anders as wat die mense rondom ons na ons kyk.
 - Laat elkeen 'n beurt kry om die ontvanger te wees van hoe ander na hom/haar kyk.
 - Elke persoon kry 'n beurt om stil te bly terwyl die res van die lede van die groep 'n beurt kry om een eienskap van die persoon te noem wat vir hom kosbaar is of wat jy waardeer van daardie persoon.

MENS TOT GOD

Steek 'n kers aan as simbool van God se teenwoordigheid

Luister na 'n geestelike lied en word stil in die Here se teenwoordigheid

- Gee geleentheid vir gebede



GOD TOT MENS

1. Kyk na die vyfde video van die reeks:

<https://www.youtube.com/watch?v=Yv3nSqADsAQ&t=8s>

2. Lees saam Jakobus 1:19-27 (Die Boodskap)

Regte godsdiens praat nie net nie, dit doen

¹⁹ *Liewe mede-Christene, plak hierdie woorde op waar julle dit elke dag kan sien: julle moet ander mense 'n kans gee om te sê wat hulle op die hart het. Luister rustig na hulle sonder om hulle te wil doodpraat. Wanneer dit jou kans is, gee jou mening. ²⁰ Moet jou net nie vererg nie, want wat gaan dit nou help? As jy jou humeur verloor, kan jy mos nie meer daarop ingestel wees om te doen wat God wil nie. ²¹ Raak daarom ontslae van elke stukkie gemors en vuilheid wat jou geestelike lewe mag toegroei of bederf. Wees liewer gehoorsaam aan die boodskap van God wat julle goed ken. Daardie boodskap hou julle soos 'n padkaart op die regte pad en daardie pad sal julle vir altyd by God uitbring.*

²² *Doen wat God vir jou sê. Daar wag 'n groot verrassing op jou as jy maar net daarna sit en luister en niks daaraan doen*

nie. Jy dink dalk jy is mooi godsdienstig, maar eintlik is jy besig om jouself lelik te kul. ²³ Iemand wat net na God se woord luister sonder om te doen wat dit vra, is soos 'n man wat na homself in 'n spieël kyk. Hy sien daar hoe deurmekaar sy hare is. Hy draai dan om en stap weg sonder om sy hare te kam, omdat hy dadelik vergeet hoe deurmekaar sy hare is. ²⁴ Hoe anders is dit nie met iemand wat moeite doen om alles van God se wil te leer nie. Deur na die wil van God te luister word jy mos vry van al die slegte dinge wat jou lewe so deurmekaar kan krap. ²⁵ Iemand wat so ernstig in God se wil belangstel en dit wat hy daar hoor ook gaan doen, het die ware geluk en sin van die lewe ontdek. ²⁶ Kom ons dink aan 'n voorbeeld. Iemand wat meen hy is 'n godsdienstige mens, maar wat lelik praat, baklei en skinder soos hy wil, slaan die bal baie ver mis. Hy is allesbehalwe 'n godsdienstige mens. Al die ander dinge wat hy doen om godsdienstig te probeer wees, is verniet. ²⁷ Laat ek vir julle sê watse soort godsdiens God ons Vader as eg en eerlik sien: as jy bereid is om dié mense te help wat nie vir hulleself kan sorg nie, maar in die nood is, is jy besig met die regte godsdiens. Maar dan moet jy ook sorg dat jou eie lewe skoon bly van al die verkeerde dinge wat 'n mens in hierdie wêreld kan doen.

- Gesels met mekaar oor wat in die tekste julle opval?
- Jakobus gebruik die beeld van 'n spieël. Hoe is die woord van God 'n spieël?

- Waar in jou lewe het jy al ervaar dat die Woord jou aanspreek of jou help om jou gedrag te verander?
- Jakobus vra dat ons nie net hoorders moet wees nie, maar ook daders van die Woord. Waarom dink julle skryf hy hieroor? Is dit dalk moontlik waar van ons ook? Wat sou hy dalk vir ons geskryf het?
- Daar is 'n spreekwoord: “'n Spieël kan nie jok nie!” Gesels 'n bietjie met mekaar hieroor. Wat beteken dit vir ons lewe?
- Watter waarhede spreek die Woord van God vandag in ons lewens? Hoe gehoorsaam is ons om dit te volg?
- Watter deel van die Woord van God is vir julle die duidelikste spieël? Waarom?
- Soms gebruik mense die Bybel as slaan stok om ander seer te maak? Vertel n verhaal waar jy dit al ervaar het of dalk teenoor iemand anders gebruik het. Het dit gewerk? Wat sou dalk vir jou beter wees?
- Die Woord moet gesaai word sodat dit kan vrugdra. Hoe is julle as kleingroep besig om die Woord te saai. Wat kan julle dalk nog doen?

MENS TOT MEDEMENS

Leef **GEWOONTES**

is om ons daarin te oefen om bewus van God te leef

Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep 'n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe.

- Die manier waarop ons God se Woord gebruik maak soms mense seer. Daar kan baie redes hiervoor wees, maar die hoofrede is omdat ons ander veroordeel en dink ons is reg. Dink 'n oomblik na oor hoe julle mekaar en ander eerder kan opbou en kan help as om te veroordeel.
- Kyk weer na die riglyne vir **Refleksiegebed** op die laaste bladsy. Gesels met mekaar oor hoe julle die refleksiegebed beleef het en hoe om dit in die volgende week weer te kan doen.

Doen dinge

1. Skryf 'n paar kaartjies met bemoedigende tekste op en gaan deel dit die week uit aan persone wat jy weet swaar kry.
2. Koop by 'n winkel klein spieëltjies en plak agterop 'n teks wat mense kan help om te weet dat God by hulle is en dat hulle kosbaar vir Hom is.

VOORBIDDING

- Deel enige gebedsverhoring of Godserverings sedert julle mekaar laas gesien het. **Dank God daarvoor.**
- Spreek julle harte in gebed uit om volkome onder die beheer van die Heilige Gees te lewe.
- Dank die Here vir Sy Woord in ons lewens.

Om te lees hierdie week

BYBELROOSTER

DAG	OU TESTAMENT	NUWE TESTAMENT
1	Nahum 1:7-15	1 Johannes 4:15-21
2	Habakuk 3:16-19	2 Johannes 1:1-13
3	Sefanja 2:1-3	3 Johannes 1:1-15
4	Haggai 2:1-5	Judas 1:17-21
5	Sagaria 1:1-5	Openbaring 21:1-7
6	Maleagi 4:1-6	

REFLEKSIEGEBED

- gebaseer op Ignatius van Loyola se Examen-gebed

1. Haal 'n paar keer diep asem om rustig te raak en word bewus van God se teenwoordigheid.
2. Vra vir God vir leiding in hierdie gebed en nadenke.
3. Begin terugdink aan jou week. Wat het alles gebeur? Dink terug sonder enige oordeel, asof jy 'n rolprent van jou lewe die afgelope week sien afspeel, met God aan jou sy. Neem net waar en onthou. Waar was die grootste emosie of gebeurtenisse?
4. Identifiseer gebeurtenisse wat vir jou lewe gegee het, of waar jy dieper bewus was van God se teenwoordigheid en goedheid. Dink ook aan die volgende: Waar was jy ten volle teenwoordig en die beste weergawe van jouself? Waar/wanneer/deur wie is God se liefde en hoop aan jou ten toon gestel? Dank God vir elk van hierdie geskenke.
5. Identifiseer nou gebeurtenisse waar jy moontlik nie op jou beste was nie, waar jy weggedraai het van wat goed of liefdevol was. Vra vir God vir bystand. Waar is jou skadumotiewe of -karakter ontbloot? Waar is daar struwelinge in jou binneste? Waar was daar ontwrigting? Gee dit als oor aan God.
6. Gesels nou met God oor wat jy hierdie week in jou stiltetyd beleef het. Wat is God besig om aan jou te openbaar of jou aan te herinner?
7. Kyk nou vorentoe en gesels met God oor wat jy nodig het vir vandag, die res van die week en die naweek.